

Die Koker II van 2018

Nuusbrief van die Afrikaanse Taalraad



Beste lede en vriende van die ATR

Die ATR-span is die afgelope kwartaal positief gestem deur die vermoë van Afrikaanssprekendes om saam en saakgerig oor moeilike kwessies te praat. Samehorigheid en wedersydse solidariteit is onder die huidige omstandighede, spesifiek met betrekking tot die politieke en sosiale ontwrigting wat ons tans beleef, 'n voorvereiste vir die handhawing van Afrikaans. Dis nodig om dit selfs verder uit te brei, omdat die handhawing van Afrikaans in domeine soos die onderwys en elders afhanklik is van veel wyer ondersteuning vir moedertaalonderrig en algemene meertaligheid as wat tans die geval is. Ook negatiewe sentiment jeens Afrikaans moet dringend getakel word. Om hierdie rede fokus die ATR tans sterk op die ontwikkeling van vennootskappe met die sprekers van die ander inheemse tale van die land. Die belangrikste gesprekke oor Afrikaans oor die volgende paar jare sal nie in Afrikaans plaasvind nie.



AJV van 2018

Die ATR se AJV vind op 25 Augustus in die Paarl plaas. Die nuwe lidmaatskapraamwerk geld vir die eerste keer. Dit skep 'n nuwe balans tussen ledeorganisasies van verskillende groottes en verander kwessies soos die aanstel van nuwe direksie lede aansienlik. Die finale uitnodiging na die AJV bevat al die nodige informasie. Skryf egter asseblief aan marekyn@afrikaansetaalraad.co.za indien u enigiets wil weet.

Intussen verwelkom ons Pen Afrikaans en Akademia as nuwe lede, asook die heraktivering van die lidmaatskap van die Langenhovengedenkfonds en Innibos. Gesprekke met etlike ander organisasies is aan die gang, en die ATR hoop om vanjaar etlike splinternuwe lede te werf en die diversiteit van ons lidmaatskap verder uit te bou.



Die loods van die Moedertaalprojek



Die Moedertaalprojek is uiteindelik in vennootskap met SAOOT (Suid-Afrikaanse Onderwysondersteuningstrust) in Kuilsrivier geloods, met die voormalige skoolhoof David Jantjies as projekbestuurder. Dit word binnekort uitgebrei na Ravensmead, Macassar en Eersterivier.



Die span van die Moedertaalprojek (links na regs): Anthony Jacobs (projekkoördineerder), René Arendse (Afrikaans.com), Lucas Hanekom (projekkoördineerder), Conrad Steenkamp (ATR), Danie van Wyk (SAOOT), David Jantjies (projekbestuurder) en Ria Olivier (ATR).

Die projek bied taalvoorligting aan jong ouers in die Kaapse metropool met die doel om Afrikaans as huis- en onderrigtaal te bestendig en kinders toegang te gee tot goeie moedertaalonderrig. Die projek sal ook voorligting oor die hantering van taalkwessies gee aan rolspelers soos skoolhoofde, sielkundiges, onderwysers, kleuterskole, verpleegkundiges en leraars.

Afrikaans as geloofstaal



Hendrik Theys, voormalige ondervoorsitter van die ATR, is aangestel as die ATR se eerste senior genoot. Hy sal 'n bestekopname oor Afrikaans as geloofstaal doen en die ATR se skakeling met geloofsorganisasies wat in 2017 begin is, verder neem.



Geloofsorganisasies word gekonfronteer met die taalverskuiwing wat in baie gemeenskappe plaasvind en vind dit dikwels moeilik om gepaardgaande konflik oor taal te hanteer. Die inisiatief sal dus daarna mik om taalkwessies en moontlike oplossings in gesprek met geloofsinstansies te identifiseer.

Geloofsinstansies sal gehelp word om taalkwessies beter te bestuur en om taal as 'n hulpbron te gebruik. Die inisiatief sal ook sterk aansluiting vind by die Moedertaalprojek.

Konseptaalbeleid vir Hoër Onderwys



Die ATR het in Maart twee werksessies oor die Konseptaalbeleid vir Hoër Onderwys met uiteenlopende belanghebbers gehou. Die tweede werksessie, wat in samewerking met die XhosAfrika-netwerk by KSUT gehou is, het hoofsaaklik op deelnemers met taalagtergronde anders as Afrikaans gefokus. Die doel van die werksessies was om insigte en perspektiewe met mekaar te deel en sodoende 'n meer volledige prentjie van die beleid se implikasies te kry. Elkeen van die deelnemers het egter voortgegaan om hulle eie reaksies op die beleid saam te stel.



Philip Pare (voorgond) met Prince Manene Tabane aan die woord.

Skryf asseblief aan
marekyn@afrikaansetaalraad.co.za
indien u nog nie 'n kopie van die ATR
se kommentaar ontvang het nie.

Gesprekke met universiteite

Die afgelope kwartaal is gesprekke met verteenwoordigers en beamptes van drie universiteite gevoer. Gedurende 'n ontmoeting met die US se rektor is byvoorbeeld vrae gestel oor die monitoring van die universiteit se huidige taalbeleid. Gesprekke met die waarnemende rektor van NWU en taalkundiges by KSUT was daarop gemik om die ontwikkeling van hierdie instansies se taalbeleid en die klem wat hulle op meertaligheid plaas beter te verstaan.

Die ATR oorweeg tans die moontlikheid om 'n studietoer na enkele meertalige universiteite in die buiteland te organiseer. Die doel hiervan sou wees om bestespraktykmodelle van meertaligheid te ondersoek en lesse daaruit vir die Suid-Afrikaanse konteks te identifiseer – iets waarteen taalbeleid en -praktyk in ons eie land gemeet kan word. Die realisering hiervan sal afhang van die mate van ondersteuning vir die idee vanaf tersiêre instansies en die beleidsvlak.



Woordfeesseminaar



Die ATR se Woordfeesseminaar het op armoede en die klassesdimensies van die taaldebate gefokus. Sprekers het teen die marginalisering van arm gemeenskappe in hierdie gesprekke gemaak, aangesien juis hierdie gemeenskappe passievol oor Afrikaans is.



Die sprekers was Ria Olivier, Anne-Marie Beukes, Basil Kivedo en Hendrik Theys. Jerome Topley het as gesprekkeleier opgetree.

Daar is geargumenteer dat strukturele ongelykhede in die samelewing ongelyke lewenskans tot gevolg het, veral wanneer die verband tussen taal en armoede nie op tersiêre vlak in ag geneem word nie. Daar is ook gewys op die noodsaaklikheid van groter taalaktiwisme om uiteindelik groter taalgelykheid en gelykheid van lewensgehalte te verseker.

Skakels na opnames:

Basil Kivedo: <https://iono.fm/e/543617>

Hendrik Theys: <https://iono.fm/e/544226>

Suidoosterfeesseminaar



Die titel van die ATR se seminaar gedurende die Gerwelgespreksreeks (28 April) was: “Wat is die toekoms waarde van Afrikaans?”. Die sprekers het ingesluit: Anne-Marie Beukes, Conrad Steenkamp en Hendrik Theys, met gespreksleiding deur Christo van der Rheede.

Die bywoning was uitstekend en lewendige bydraes het gevolg. Die ATR wil die gesprek graag saam met vennote soos die Afrikaanse Taalmuseum en -monument en die Jakes Gerwelstigting op gemeenskapsvlak verder neem.

Ampie Coetzee, Ria Olivier, Conrad Steenkamp en Marlie Coetzee (Viva) by die Suidoosterfees

Die Namataal/Khoekhoegowab-gesprek



Timo Gonnema van !ALOM lei die gesprekke

Afrikaans se skakels met Nama is van groot simboliese belang vir ons taal. Dus het die ATR nie gehuiwer om die gemeenskapsorganisasie !ALOM by te staan om 'n werksessie oor die koördinering van Namaonderrig in die Wes-Kaap te organiseer nie.

!ALOM is 'n NRO wat Nama in Stellenbosch en omgewing deur Afrikaans bevorder. Hulle bevorder ook Afrikaanse moedertaalonderrig en beskou Nama as hul “vadertaal”.

Die byeenkoms, wat op 12 Mei by SASNEV plaasgevind het, is gekenmerk deur lewendige en soms emosionele gesprekke. Die voortsettingskomitee wat na die tyd aangestel is, het sedertdien reeds twee keer vergader. Etlike goeie artikels is hieroor geskryf en belangstellendes kan gerus na die ATR se portaal op LitNet gaan kyk.

Viering van die Afrikanerbond se 100ste bestaansjaar

Die voorsitter van die ATR, Japie Gouws, het onlangs die geleentheid in die Paarl bygewoon waar die Afrikanerbond se 100ste bestaansjaar gevier is. Pres. Cyril Ramaphosa het as geleentheidspreker opgetree. Hy het in sy groeteboodskap die Afrikanerbond gelukgewens met hul 100ste bestaansjaar. Die Afrikanerbond was 10 jaar gelede een van die stigterslede van die Afrikaanse Taalraad en is steeds 'n belangrike vennoot in die bekendstelling en ontginning van Afrikaans tot voordeel van die taal se diverse sprekers. Gouws het die Afrikanerbond bedank vir hul volgehoue steun en aktiewe deelname om die Afrikaanse Taalraad se doelwitte te bereik.





Vriendelike groete

Conrad Steenkamp

Conrad Steenkamp
Hoof: Afrikaanse Taalraad
Selfoon: +27 (0)82 613 6725
conrad@afrikaansetaalraad.co.za
www.afrikaansetaalraad.co.za

Aksie van die burgerlike samelewing: Saam die toekoms in met Afrikaans